

# Ek is die ware wingerdstok 3-5



Ek is die wa - re win - gerd - stok;  
my Va - der gee die groei.  
die lo - te wat nie vrug - te dra  
word deur Hom weg - ge - snoei.

- |   |   |
|---|---|
| <p>2 Maar elke loot met vrugte aan dié sny Hy skoon en reg.<br/>So dra die loot al beter vrug,<br/>en bly die eenheid heg.</p>              | <p>3 Ek is die ware wingerdstok;<br/>elkeen van jul 'n loot.<br/>Wie in My bly, en Ek in hom,<br/>sy oes is vol en groot.</p>   |
| <p>4 Bly jul in My, my woord in jul,<br/>kan jul My alles vra -<br/>my Vader word verheerlik waar<br/>jul volop vrugte dra.</p>             | <p>5 Ek het die Vader waarlik lief<br/>en doen wat Hy wil hê;<br/>ook jul sal in my liefde bly<br/>as jul doen wat Ek sê.</p>   |
| <p>6 Dan loop jul vreugdebekker oor,<br/>my blydskap maak jul sterk.<br/>Kan daar 'n groter liefde wees<br/>as wanneer vriendskap wêrk?</p> | <p>7 Ek noem jul vriende as jul doen<br/>dit wat Ek jul beveel.<br/>Dit wat Ek van die Vader hoor<br/>het Ek jul meegedeel.</p> |
| <p>8 Wat jul die Vader deur My vra,<br/>sal Hy gee in sy trou.<br/>Ek stel jul aan om vrugte dra -<br/>die vrug van liefde hóú.</p>         |   |

JOHANNES 15:1-8

Teks: Attie van der Colf 2009  
Melodie: DUNDEE - Skotse Psalter 1615; aangepas  
Alternatiewe melodie: Psalm 20-2